
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, August 27, 2020
Page: 30





# Sluit die regte kontrak

**Voor 'n huwelikskontrak gesluit moet word, moet 'n volledige boedelbeplanning van elke party uitgevoer word. Oudit trusts en maatskappye behoorlik en oorweeg die wense van elke party en toekomstige erflatings deeglik.**

Die eerste vraag wat praktisyns kry wanneer 'n jong boer (of nie so jonk nie) 'n lewensmaat kry, is: Hoe trou ons?

Binne gemeenskap van goedere? Buite gemeenskap van goedere met of sonder die aanwasbedeling? Hier is die implikasies van elk.

**Binne gemeenskap van goedere.** Wanneer twee mense binne gemeenskap trou, beteken dit dat alle bates wat elke party in die huwelik inbring, asook bates bekom ná die huwelik in een boedel setel waarin elke party 'n halwe, onverdeelde aandeel besit. As die paartjie dus lewende hawe besit, beteken dit dat elk inderwaarheid die helfte van elke dier besit.

Alle laste word ook as gesamentlik beskou en indien een party tot sterwe kom, sal al die laste van die gesamentlike boedel eers vereffen word alvorens die langslewende enige voordeel uit die restant kan ontvang.

Laste kan ook die verpligting van onderhoud aan 'n vorige eggenoot insluit.

By dood word die hele boedel beredder en dit beteken dat die eksekuteursgeld van rofweg 4% betaalbaar is op die hele boedel ten spyte daarvan dat die langslewende die helfte van die bates behou en die res, nadat die boedel geadministreer is, kan erf.

Die ingrypendste gevolg van só 'n huwelik is by insolvensie van enige party. By insolvensie word die hele gesamentlike boedel betrek en albei partye as insolvent verklaar.

Kleiner transaksies het nie die toestemming van die ander party nodig nie, maar transaksies soos die vervreemding van vaste bates uit die gesamentlike boedel het beslis formele instemming van albei partye nodig.

Die grootste nadeel is dat die implikasies van vererwing aan derde partye ná die plaaseienaar se dood kan beteken dat 'n wildvreemde familie die plaas uiteindelik kan besit.

**Buite gemeenskap van goedere, met of sonder die aanwasbedeling.** Die Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984) maak voorsiening vir die bestaan van 'n huwelik buite die gemeenskap van goedere, met die aanwasbedeling. 'n Huwelik buite die gemeenskap van goedere vind plaas wanneer die aanwasbedeling nie spesifiek kontraktueel (slegs deur 'n praktiserende prokureur) uitgesluit word nie.

As die paartjie dus 'n huwelikskontrak sluit en geen melding maak van die aanwasbedeling nie, is hulle getroud ingevolge die reëls van 'n buite gemeenskap van goedere-huwelik met insluiting van die aanwasbedeling.

'n Algemene wanopvatting is dat 'n huwelik ingevolge die aanwasbedeling dieselfde is as 'n huwelik binne gemeenskap van goedere.

'n Huweliksbedeling van buite gemeenskap van goedere, met insluiting van die aanwasbedeling, beteken in kort die volgende:

- Elke party bring sekere bates na die tafel en behou daardie bates as sy/haar eie in geval van dood of egskeiding. Bates as sulks ingebring, moet deur albei partye geverifieer word om latere konfrontasies te vermy.
- Partye kan kies om geen bates deel van die voorgenome huweliksbedeling te maak nie.
- Bates wat ná die huwelik bymekaar gemaak word, is deel van 'n gesamentlike boedel.
- By dood of egskeiding word daar eerstens 'n inflasie-gebaseerde berekening gemaak van die waarde van elke party se boedel. Die party met die grootste aanwas "skuld" dan die party met die kleinste aanwas die helfte van die verskil in batewaarde. Byvoorbeeld: A eerssterwend
- Aanvangsbates by huwelik (albei): R nul
- Waarde van A se bates by dood: R5 000 000
- Waarde van B se bates by A se dood: R1 000 000
- A se batewaarde is dus R4 000 000 meer as B; dus "skuld" A vir B R2 000 000.
- Dié skuld is 'n feit en kan nie regtig betwis word nie en kan in kontant geëis word.
- As A dus nie sy totale boedel aan B bemaak nie, is daar beslis 'n eis wat die nakoming van wense van 'n erflater erg kan knoei en veral kontant in die boedel kan verteer.

Huwelike met die aanwasbedeling in die landbousektor is algemeen en word nie noodwendig afgeraai nie, maar advies hieromtrent van 'n kundige regspraktisyn is nodig om seker te maak dat die bedeling en inhoud van die voorhuwelikse kontrak by die behoeftes van die partye pas. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.